**DIE ANTWOORD DEUR RAADSHEER JONAS WHITE OP DIE LIBF SE BRIEF**

Ontvang van u skrywe word hiermee erken.

Dit strek my tot diep kommer dat u van neet af u inter aksie met die nuut ANC verkose Raad dreig met onafhanklike ondersoeke en of optrede deur hoer gesag en tot geen verbasing u wend tot Helen Zille en Kie nie. Die Raad is outonoom en word sy werksaamhede sorgvuldig uit eengesit deur verskeie wetgewing wat deur die Nationale Regering in plek gesit is.

U skrywe skep die indruk dat die nuutverkose Raad korrup is en nie die vermoe het om die Munisipaliteit te bestuur nie. Die vraag ontstaan is dit omdat ons swart is want ek kan geen rekord vind van enige skrywe van die trant wat u gedurig die DA bewind aan die Munisipaliteit gestuur het nie. Daar kan ook nie rekord van u bestaan opgespoor word of dat u enige by drae tot n gesonde bestuur tydens die DA bewind gelewer het nie. Nodeloos om te noem dat gediende die feit van bree kennisgewing van ons gemeenskaps Imbizos in al ons dorpe nie n enkele blanke persoon dit by gewoon het nie, u inkluis.

U arrogansie om die Munisipaliteit met ander DA beheerde Munisipaliteite te vergelyk spreek boek dele. Indien u aan my n Grondwet van u organisasie en n lede register voorsien sal ek onmiddellik die Administrasie versoek om u in die toekoms van alle Raads notules te voorsien. Neem ook kennis dat alle begroting - en bestedings asook Ouditeurs verslae ten insae is by alle openbare biblioteke. Raadsvergadering is ten alle tye oop vir die publiek en staan dit u vry om dit by te woon.

Tenspyte van bo-genoemde en die feit dat u noem dat u optree in die belang van al die inwoners van Lambertsbaai, wat ek sterk bevraag teken sal ek die Administrasie opdrag gee om n gemeenskaps vergadering te Lambertsbaai te beroep waar tydens die hele Raad as ook die Senior Amptenare u vrae sal beantwoord. U afwesigheid tydens die openbare vergaderings en IDP vergaderings deur die vorige DA Raad se bewind waar baie van u kwelinge aangespreek was is sekerlik nie per toeval nie want u was te oor gerus dat hulle u belange sou dien. Ek daag u dus uit om so ver moontlik u gemeenskap te mobiliseer om sodanige vergadering by te woon. Die Administrasie sal met u kommunikeer met die datum van sodanige gemeenskaps vergadering.

U versoeke en u toenadering tot derde partye, gerieflikheidshalwe word die waghonde wat deur die Nationale regering daar gestel is uitgesluit, skep die indruk dat u reeds met n ondersoek begin het en indien u Politieke Bondgenote dit goedvind om binne hul magte n ondersoek te loods staan dit hul vry om dit te doen.

Wees verseker dat niks en niemand ons van koers af sal bring om die hele gemeenskap te dien nie en spesifiek die van die armes.

Ek dank u

Die Agbare Uitvoerende Burgermeester

Cederberg Munisipaliteit

Jonas White